# DIE KONINKRYK VAN GOD – 6

# Matthéüs 6:9-10

NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.

## TEMA: VERANTWOORDELIKHEID EN BELONING

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Matt 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;**

**Matt 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;**

**Heb 11: 6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.**
**Heb. 11: 8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.**
**Heb. 11: 9 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.**
**Heb. 11: 10 Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die bou-meester en die oprigter is.**
**Heb. 11: 24 Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word,**
**Heb. 11: 25 omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê,**
**Heb. 11: 26 en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.**
**Heb. 11: 27 Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.**
**Heb. 11: 39 En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,**
**Heb. 11: 40 omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.**

Ons is nou klaar met die leringe rondom die Koninkryk van God, die gedeelte in die Onse Vader, ***laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde***;

## VERANTWOORDELIKHEID

Ons begin nou besef dat ons 'n geweldige verantwoordelikheid rondom hierdie evangelie dra!

Hierdie saad van die Vader is hemelse saad, wat uit die Koninkryk van die hemele kom. Die Koning van die hemele, die Vader God Almagtig Homself, het hierdie saad vir ons gegee. Hy het dit in ons geïmplementeer, gesaai.

-o0o-

- Die Woord het in ons gekom en ons het deel geword van die Woord.
- Die Heilige Gees, die Gees van die lewe, die Gees van die waarheid, het dit laat groei.

    - Dit is derhalwe nou jou en my plig om God se Koninkryk uit te brei met dit wat Hy vir ons gegee het. Alles, selfs die laaste dingetjie waarmee Hy ons toebedeel het op hierdie aarde, soos tyd en geld, behoort aan Hom.
    - Dit is ons plig om daarmee 'n uitbreiding van Sy Koninkryk hier op aarde te wees, sodat dit groter en groter kan word in die geestelike realm.
    - Ek en jy het die verantwoordelikheid om hierdie Koninkryk na die ewigheid toe te vat, met dit wat vir ons gegee is. Dit moet vir ons gaan oor die ewige raadsplan wat God in ons geïmplementeer het en nie oor die fisiese nie.
    - Ons moet verantwoordelik wees met Sy vertroue wat Hy in ons het. (Hierdie gedagte hou my so nederig en emosioneel).

- Die Almagtige God het my en jou bekwaam genoeg geag om deel te word van hierdie Koninkryk,
    - ten spyte van ons menslike swakhede en tekortkominge,
    - ten spyte van die tipe lewe wat ons gelei het.

Hy het hierdie Koninkryk van die hemele in ons gevestig. Hy het gesê ons moet hierdie Koninkryk gaan uitbrei op die aarde. Ons moet die fisiese elemente wat Hy vir ons gegee het, gebruik om dit mee uit te dra, uit te brei en te vergroot.

- Bou die Koninkryk van God hier op aarde, sodat julle dit nie hier laat nie, maar dit na die ewigheid toe kan vat.

Eendag het 'n man, wie se vrou saam met ons op 'n uitreiking wou gegaan het, vir my gesê: "Ek vertrou nie my vrou saam met jou nie". Toe sê ek vir die man "Ja, dis darem nou baie jammer, jy vertrou nie jou bruid in my hande nie, maar tog vertrou Christus Sy Bruid in my hande".

Kan jy sien hoe vertrou die Vader ons regtig? Die laaste ding wat ek in my lewe wil doen, is om Hom teleur te stel. Christus was so 'n groot dienskneg, dat hulle Hom nie anders kon noem as "Meester" nie. Christus kom eendag na hulle toe en sê vir hulle "Ja, julle noem my Meester en ek is dit, maar julle doen nie wat ek vir julle sê nie". (Matt 7:21). Hoe baie van ons gee vir Hom daardie eer en noem hom Meester? Hoe baie van ons noem Hom, Here?

- Bereik ons regtig die doel met Sy goed wat Hy wil hê ons moet bereik?
- Doen ons regtig met Sy goed wat Hy wil hê ons moet doen?
- Is ons regtig in die plek waar Hy wil hê ek en jy moet wees? Net jy kan die antwoorde gee.

Ek glo en vertrou dat hierdie lering van die Koninkryk vir jou geseën het, want dit het my geseën.

Ek het net weereens verstom gestaan oor die verskriklike verantwoordelikheid wat ons het teenoor elke dingetjie wat God in ons hande geplaas het.

Dit is waarom Hy sê dat die wat min gekry het, sal min van geëis word en die wat baie gekry het, sal baie van geëis word.

Daar is skrifgedeeltes in die Woord wat my baie bang maak, want as daardie skrifgedeelte eendag voor my neergelê moet word, aan watter kant gaan ek staan?

## BELONING (Hebreërs 11)

Ek kan nie hierdie lering afsluit voordat ek nie vir julle uitwys waarop hierdie hele evangelie deur al die eeue gebou is nie. Dit staan geskrywe in Hebreërs 11. Daar is vyf leringe wat ek lewer net oor die boek Hebreërs 11, maar ek gaan dit nie hier in diepte bespreek nie. Julle kan self die hoofstuk lees en bestudeer.

- Let op waardeur hierdie evangelie gegaan het en waarop hierdie Koninkryk van die hemele van die begin af gegrondves is.

Ek wil net 'n paar punte uitlig. Die kern hier is "**Deur die geloof**". Hoeveel van hierdie verse in Hebreërs 11 begin met hierdie woorde "deur die geloof"? Ons kyk na vers 6

**Heb. 11: 6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.**

As ons die hele hoofstuk bestudeer, sal ons sien dat daar 'n **loon** wag. Daar lê iets wat ons almal moet ontvang, vóór van die begin af. Ons het nou gesien dat God alles in ons hande geplaas het om Sy wil te doen. Sonder geloof kan ons God nie behaag nie.

Ons lees vanaf vers 8. Dit gaan oor Abraham met net een belofte.

**Heb 11:8** Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.
**Heb 11:9** Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in **tente** gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.
**Heb 11:10** Want hy het die **stad** verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Kyk baie mooi. Hy het wel in tente gaan woon, maar hy het 'n ***stad verwag wat fondamente het***.

Hierdie stad is nie Jerusalem of 'n tydelike stad nie. Dit is 'n ewige stad wat in die ewigheid lê. Nou kan julle verder ook gaan lees. Julle sal sien hoe die mense gedoen het wat God vir hulle gesê het om te doen en hoe hulle die doel bereik het waarvoor God hulle geskape het.

- Hulle het net een doel gehad en dit was om daardie boek, wat oor hulle geskryf is in die hemele, te vervul.

Kom ons kyk na vers 24 .

**Heb 11:24** Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word,

Sien jy hoe het die wêreld probeer om vir Moses roem, eer, status en skatte te gee? Hoekom het hy dit geweier?

**Heb 11:25** omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê,

Dit spreek vanself. Dit kom elke dag voor ons oë.

- Wil ons doen wat God gesê het ons moet doen, met dit wat God in ons hande toevertrou het,
- of wil ons dit wat God vir ons gegee het gebruik om ons lewe hier op aarde te geniet en in die vlees met die genietinge van Egipte te lewe?

**Heb 11:26** en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.

Wat is hierdie beloning?

**Heb 11:27** Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want Hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.

-o0o-

Ek wil net 'n paar dinge rondom hierdie sê.

Ek glo dat, toe God vir Moses op die berg gevat het en die Kanaän gewys het, het Moses nie die fisiese Kanaän gesien nie. Hy het die geestelike Kanaän gesien. Die Bybel sê dat hy (Moses) ***die Onsienlike*** gesien het, so dit was die verheerlikte Kanaän.

Ek glo dat God daar aan hom die ewigheid klaar vertoon het en daarom sou dit vir hom so 'n teleurstelling gewees het om die fisiese in te gaan, want sy tyd was uit. Josua moes oorneem en Josua was net die volgende trapklip (*stepping stone*) soos wat ek en jy ook maar nog net 'n trapklip is. Ons is 'n bousteen iewers in hierdie perfekte evangelie, hierdie perfekte raadsplan van God, wat Hy uitgelê het. Bestudeer gerus die hele Hebreërs 11 weer self.

Ons kyk nou wat sê vers 39. Die skrywer het al hierdie manne en vroue bespreek, dan sê hy:

**Heb 11:39** En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,

Hoekom? Waar lê hierdie belofte?

**Heb 11:40** omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie <u>sonder ons</u> volmaak sou word nie.

Kyk baie mooi waar pas ek en jy deesdae in. Dit is ***sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.***

Geagte lesers, in hierdie lering sê ek die volgende:

- Die loon van hierdie Godsmanne en -vroue, wat van Adam af regdeur geloop het tot by Christus Jesus tot en met vandag toe, lê in die <u>baarmoeder van die Bruid</u>.

Al hierdie mense, hulle wat met diere, soos onder andere leeus, baklei het en selfs ook in die nuwe testament, se loon lê in die baarmoeder van die Bruid. <u>Sy moet daardie beloftes eendag vir hulle baar</u>. Ek en jy moet hierdie belofte vir hulle voortbring.

Kan jy sien dat jy nie toevallig gekies is om te doen wat jy moet doen nie? Jy het 'n uitsonderlike rol.

- Jy is die vervulling van die skrifte.
- Jy is die vervulling van die raadsplan van die Almagtige.

Dit is geen wonder dat ons weggeraap moet word nie.

- Geen wonder die Seun, die Bruidegom, ons moet kom haal nie.
- Hy moet ons kom haal sodat die Vader ons as 'n eenheid saam met Hom kan proklameer en kan verklaar.
- Al hierdie beloftes is in die baarmoeder van die Bruid geïmplementeer.
    - Hierdie loon, waarop hierdie Godsmanne en -vroue vandag nog sit en wag in die hemel, is in my en jou geïmplementeer.
    - Daar is iets wat in ons is, wat hulle nodig het, om volmaak te word soos dit in **vers 40** staan ***sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.***

Die Here seën vir julle met hierdie woord. Ek glo julle is baie verryk met hierdie woord.
Mag die oor hoor wat God vir die gemeente wil sê.

As daar iemand is wat Hebreërs 11 weer intensief wil deurgaan, sal ek dit vir jou stuur.
Dit bestaan uit 5 leringe.
Julle kan my kontak.

*<u>Nota</u>: Die Hebreërs 11 lesing wel ook op die Webblad te vinde onder die tema "Waarmee is die Liggaam besig?*

-o0o-